HOE REGISTREER EK OM TE SKRYF?

Jy kan via die internet registreer::

1. Gaan na die NBT-webtuiste: www.nbt.ac.za, kliek op "Book a Test" en volg die stappe. Jy kan ook via die internet op jou selfoon registreer.
2. 'n Brief wat jou registrasie bevestig en 'n EasyPay-staafkode bevat, sal beskikbaar wees vir jou om af te laai en uit te druk nadat jy op "submit" gekliek het. Jy moet jou registrasiebrief na 'n EasyPay-betaalpunt neem om die toetsgelde te betaal.

Jy kan ook op EasyPay se webtuiste betaal: www.easypay.co.za. Dit is nie nodig om dit na die toetslokaal te bring nie, maar jy moet dit uitdruk en afskrifte hou. Uitslae word slegs vir betaalde toetse beskikbaar gestel.

Registrasie is datum- en lokaalspesifiek. Indien jy jou geskeduleerde toetssessie verbeur, of 'n tweede keer wil skryf, moet jy herregistreer en weer betaal.

HOEVEEL KOS DIT OM TE SKRYF?

Die toetsgelde vir die 2019-toelatingsiklus is: Slegs **AQL – R90**

AQL en MAT - R180

HET JY GEWEET:

Indien jy nie naby enige NBT-toetslokaal woon nie, e-pos of skakel ons gerus om die moontlikheid van 'n spesiale lokaal vir jou toets te bespreek.

E-pos nbt@uct.ac.za
Tel 021 650 3523
Twitter @cetap_uct
Facebook nationalbenchmarktest

www.nbt.ac.za

CETAP
Centre for Educational Testing for Access and Placement

UNIVERSITIES SOUTH AFRICA

NBT
National Benchmark Tests Project

THE NATIONAL BENCHMARK TESTS

Testing for 2019
University Placement

WAT IS DIE NATIONAL BENCHMARK TESTS?

Die Nasionale Normtoetse (NBT) bepaal jou akademiese gereedheid vir universiteit.

WAAROM MOET EK DIE TOETSE SKRYF?

Die NBT's word deur baie universiteite landwyd gebruik. Dit help hoeronderwysinstansies om skoolverlaters se uitslae soos die van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) beter te vertolk. Die toetsuitslae staaf die NSS-uitslae, maar vervang of dupliseer dit nie.

Sommige Suid-Afrikaanse hoeronderwysinstansies gebruik die NBT's vir toelating en ander gebruik dit om te bepaal of jy ekstra akademiese ondersteuning tydens jou studies gaan benodig. Dit dra ook by tot die ontwikkeling van leerplanne. Vind uit by die instansie waar jy aansoek doen of jy die toetse moet skryf.

WATTER TOETSE MOET EK SKRYF?

Die fakulteit waar jy aansoek doen sal bepaal watter toetse jy moet skryf en teen wanneer hulle jou uitslae moet ontvang.

WAAR KAN EK DIE TOETSE SKRYF?

'n Volledige skedule met al die toetslokale is beskikbaar op NBT se webtuiste (www.nbt.ac.za). Indien jy nie naby 'n toetslokaal woon nie, stuur 'n e-pos na nbt@uct.ac.za, of skakel ons by 021 650 3523, sodat ons kan probeer om 'n spesiale lokaal vir jou toets te reel.

WAT KAN EK VAN DIE TOETSE VERWAG?

- Daar is twee toetse: Akademiese Geletterdheid, Kwantitatiewe Geletterdheid (gesamentlik bekend as AQL) en Wiskunde (MAT). Vir meer inligting oor die inhoud van die toetse, besoek ons webtuiste: www.nbt.ac.za.
- Kwantitatiewe Geletterdheid is soortgelyk aan Wiskundegeletterdheid.
- Studente met gestremdhede word tegemoetgekom. Die AQL-toets is ook in Braille vertaal.
- Elke toets verg van jou om bestaande kennis - dft wat jy weet en kan doen - toe te pas op materiaal wat 'n goeie aanduiding gee van wat van eerstejaarstudente op universiteitvlak verwag word.
- Die toetse is vertroulik en daar bestaan geen vorige vraestelle of spesiale studiemateriaal om vir die toetse voor te berei nie.

WANNEER MOET EK SKRYF?

Jy moet skryf wanneer jy gereed voel, maar maak seker dat jy betyds skryf om al die sperdatums en vereistes na te kom vir die program(me) waarvoor jy aansoek doen. Jy moet beide toetse op dieselfde dag skryf. Jy mag die NBT 'n tweede keer skryf, maar jy sal eers moet bevestig met jou fakulteit dat hulle 'n tweede punt sal aanvaar.

WANNEER KAN EK SKRYF?

Registrasie vir alle NBT-sessies open op 1 April 2018.

NBT-TOETS DATUMS	LAASTE DAG OM AANLYN TE REGISTREER	LAASTE DAG OM TE BETAAL	UITSLAE BESKIKBAAR VIR INSTANSIES	UITLSAE BESKIKBAAR VIR SKRYWERS
26-Mei	06-Mei	13-Mei	18-Jun	25-Jun
2-Jun	13-Mei	20-Mei	25-Jun	02-Jul
*03 June	13-Mei	20-Mei	25-Jun	02-Jul
23-Jun	03-Jun	10-Jun	16-Jul	23-Jul
*24-Jun	03-Jun	10-Jun	16-Jul	23-Jul
**29 Jun	10-Jun	17-Jun	23-Jul	30-Jul
30-Jun	10-Jun	17-Jun	23-Jul	30-Jul
7-Jul	17-Jun	24-Jun	30-Jul	06-Aug
14-Jul	24-Jun	01-Jul	06-Aug	13-Aug
*15-Jul	24-Jun	01-Jul	06-Aug	13-Aug
28-Jul	08-Jul	15-Jul	20-Aug	27-Aug
**10 Aug	22-Jul	29-Jul	03-Sep	10-Sep
11-Aug	22-Jul	29-Jul	03-Sep	10-Sep
25-Aug	05-Aug	12-Aug	17-Sep	24-Sep
8-Sep	19-Aug	26-Aug	01-Oct	08-Oct
15-Sep	26-Aug	02-Sep	08-Oct	15-Oct
29-Sep	09-Sep	16-Sep	22-Oct	29-Oct
6-Oct	16-Sep	23-Sep	29-Oct	05-Nov
*07 Oct	16-Sep	23-Sep	29-Oct	05-Nov
13-Oct	23-Sep	30-Sep	05-Nov	12-Nov
24-Nov	04-Nov	11-Nov	17-Des	17-Des
1-Des	11-Nov	18-Nov	18-Des	18-Des
*02-Des	11-Nov	18-Nov	18-Des	18-Des
**4-Jan-19	16-Des	16-Des	28-Jan-19	04-Feb-19
5-Jan-19	16-Des	16-Des	28-Jan-19	04-Feb-19

*Sondag-toetssessie
** Vrydag toetssessie